

## **SARS SAAI OORWINNING IN DIE BESKERMING VAN DIE TEKSTIELBEDRYF**

**Tshwane, 10 Junie 2022** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) verwelkom die eenparige uitspraak deur die Appèlhof wat sy proses en reg om beslag te lê op goedere, wat onderverklaar is met die oorsteek van Suid-Afrika se grense, bevestig het.

In die saak van *Die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens en ander teen Dragon Freight (Edms) Bpk. en ander*, gedateer 7 Junie 2022, het die Appèlhof uitspraak gelewer oor die uitvoer van SARS se mandaat ingevolge die Wet op Doeane en Aksyns. In hierdie saak is 'n hersieningsaansoek van stapel gestuur ingevolge SARS se besluit om beslag te lê, in gevolge artikel 88(1)(c) van die Wet op Doeane en Aksyns, nr. 19 van 1964 (die Doeanewet), op 19 laaikiste wat uit China ingevoer is wat onderverklaar is vir doeaneregte op invoer. Hierdie laaikiste het tekstiel- en klerasiegoedere bevat wat deur SARS se elektroniese risiko-enjin, ontwerp om bedrog en onwettige aktiwiteite te bekamp, uitgewys is en verder deur doeanee-beamptes ondersoek is.

Die argument deur die respondente in die Appèlhof was dat SARS se besluit ter syde gestel moet word op gronde van "prosesuele onregverdigheid, irrasionaliteit en onredelikheid". Die Appèlhof het die argument in geheel verwerp, die Hooggeregshof se vorige besluit ten gunste van die agent en handelaars omgekeer en 'n kostebevel uitgereik ten gunste van SARS. Die Appèlhof het beslis dat SARS binne sy mandaat opgetree het, dat SARS prosesueel regverdig opgetree het en dat SARS opgetree het ingevolge bewyse wat ingesamel is.

Die invoer van klerasie en tekstiel het geleidelik vermeerder sedert die begin van demokrasie as gevolg van die beskikbaarheid van goedkoop-vervaardigde goedere buite Suid-Afrika. In onlangse jare, is daar wyd gespekuleer oor onwettig-ingevoerde klerasie- en tekstielgoedere in Suid-Afrika.

Hierdie saak is 'n belangrike besinning dat SARS sy funksies uitvoer ter voordeel van Suid-Afrika en haar mense en dit is 'n herinnering daaraan dat SARS 'n lewensbelangrike komponent in die ekonomie is. Die uitspraak bevestig dat SARS daartoe verbind is om sy mandaat uit te voer om die invoer van bepaalde goedere te beheer om die makro-ekonomiese beleidsoogmerke van die regering te ondersteun en te bevorder.

SARS is sterk verbind tot diensvoortreflikheid en dit sluit in om nie deur aggressiewe litigasie afgeskrik te word wat die fiskale en ekonomiese stofasie van die land ondermyn nie.

SARS is verbind tot sy mandaat om belastingontduiking te bekamp en bevestig sy waarskuwing aan nienakomende handelaars en klaringsagente om die praktyk van valsverklarings, in 'n poging om die regering te bedrieg uit dit wat aan die fiskus verskuldig is, te laat staan.

Die impak van onwettige aktiwiteite met invoere, sluit in te lae fakture wat laer inkomste aan die fiskus tot gevolg het gegewe dat nie alle doeaneeheffings en belasting op toegevoegde waarde (BTW), wat aan die regering verskuldig is, betaal word nie, wat vervalsde handelsfakture betref.

SARS-kommissaris mnr. Edward Kieswetter het sy tevredenheid met die invoerbesluit uitgespreek. Hy het gesê: "Daar is saamgesnoerde pogings deur diegene betrokke by hierdie onwettige aktiwiteite om die ondersteuning te omseil wat deur die regering in plek gesit is vir plaaslike industrië, en sodoende die produktiewe kapasiteit in die land met gepaardgaande werksverliese te erodeer, veral in die plaaslike vervaardigingsektor. Dit beperk die land se potensiaal om te groei werk te skep, en lei tot onregverdige kompetisie vir regmatige handeldryf".

Ten slotte het hy gesê: "SARS verfyn voortdurend sy kapasiteit om hierdie nienakomende optrede op na te speur, en sal alles in sy vermoë doen om dit duur te maak vir nienakomende belastingpligtiges, terwyl ons regmatige handeldryf fasiliteer".

Laastens, het die kommissaris die Departement van Handeldryf, Industrie en Kompetisie, die tekstiel- en klerasiebedryf en die vakbond in die sektor bedank vir hulle waardevolle bydrae met hierdie sukses.

Vir meer inligting, kontak [SARSmedia@sars.gov.za](mailto:SARSmedia@sars.gov.za).